St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
NUUSBRIEF

Mev M. Gorst-Allman
(012) 804-9670
(012) 804-5039

www.saschools.co.za/stpaulus Nr. 8 5 Maart 2010

VERWYDERING VAN BOME

Dit was 'n hartseer dag vir ons gemeenskap toe die besluit geneem moes word om die reuse Swart Akkerboom in die swembad area verwyder moes word. Ongelukkig was dit met die Ganoderma Fungus besmet en daar was geen ander opsie as om dit te verwyder nie. As 'n gemeenskap is ons toegewy daaraan om verantwoordelikheid te neem vir die rentmeesterskap van God se skepping, en die besluit om 'n boom te verwyder word nooit ligtelik opgeneem nie. Ons het verskeie onafhanklike opinies uitgelok, en op sterkte daarvan het die Raad en die Cabra Dominikaanse Susters ingestem dat daar geen ander keuse was as om die besmette boom te verwyder nie. Die OOV sal met hulle fondse gras in die swembad area aanplant en ook besproeiing aanlê. Daarna sal ons inheemse bome al langs die heining en in die swembad area plant. Ons hoop dat hulle sal floreer en skadu sal verskaf en ons kampus mooier sal maak in die jare wat voorlê. Ons was verheug dat 'n aantal van ons jongmense, wat baie geesdriftig is oor ons omgewing, baie hartseer was oor die verwydering van die boom. Ons hoop dat hulle sal deel in die vreugde van die bome wat ons in die toekoms gaan plant. As iemand 'n bydra wil maak, veral tot die koop van 'n boom, is u welkom.

GALA TERUGVOER EN OOV NUUS

Die OOV was verheug dat daar oor die R30 000 by die onlangse Interhuis Gala ingesamel is. Dit is 'n nuwe rekord! Dankie, veral aan al die ouers, vir hulle gulhartigheid wat dit moontlik gemaak het vir die OOV om 'n aansienlike wins te maak, en ook aan die OOV Span vir die harde werk en alle ouers en kinders vir hulle deelname en ondersteuning om hierdie geleentheid so 'n lekker ondervinding te maak. Ek het 'n aantal versoeke ontvang dat gazebo's teen die swembad heining opgeslaan word en nie op die randjie van die plaveisel nie, aangesien dit ouers wat op piekniekkomberse en op die grond sit, se uitsig versper. Ons sal seker maak dat dit in die toekoms in ag geneem word.

OPE WEEK

Ons het ons Opedae, naamlik 10 – 12 Maart volgende week, en almal wat belangstel om 'n kind vir 2011 in te skryf, word uitgenooi om ons Voorskool en Graad Een klasse te besoek en ons in aksie te sien. As u vriende of familielede het wat beplan om 'n kind in te skryf, moedig hulle asseblief aan om die skool te besoek en om die nodige aansoekvorms in te vul. Ons wil graag ons getalle vir die volgende jaar gedurende die Paasvakansie finaliseer.

INTERSKOLE SWEMGALAS

Ons A-Span sal Dinsdag, 9 Maart in die B-Liga Gala by Hillcrest Swembad deelneem, en ons B-Span sal op 11 Maart deelneem aan die D-Liga Gala. Ons is vol vertroue dat ons baie goed sal vaar, aangesien ons swemmers baie hard geoefen het en goed voorberei is deur die Afrigters. Swemmers, voorspoed hiermee en ons sien uit daarna om te sien hoe julle julle bes doen vir die skool!

KATOLIEKE ONDERWYSERS-DAG

Ons werkwinkel – "Future Fitness" - wat deur Jaco Boëttger, 'n Menslike Hulpbron Konsultant, aangebied is, was uitstekend. 'n Boodskap wat ek graag met u deel is dat ons as ouers en onderwysers, die primêre en sekondêre opvoeders van ons kinders, nodig het om hulle by te staan om "Hulle musiek te ken", m.a.w. om hulle passie te vind. In plaas daarvan om 'n kind perfek voor te berei vir 'n wêreld van sisteme en strukture wat nie meer bestaan nie, moet ons hulle bystaan om hulle sterkpunte te vind en lief te wees vir wat hulle doen. Kinders behoort nie na professies, areas van studie, of posisies wat materiële rykdom najaag, gekanaliseer te word nie. Om die wysie diep binne jouself te vind en om te leer om dit te sing en in harmonie daarmee te werk, is op sigself rykdom. "Mense wat hulle talente vind en ontwikkel, oorbrug outomaties hulle behoefte aan eksterne sekuriteit. Moet nooit jou siel vir permanensie, sekuriteit, status of geld verkoop nie. Die regte jy sal doodgaan..." [A Fable: The Messenger, Jaco Boëttger]

Mag u 'n wonderlike naweek hê. Doen iets spesiaals met u kinders wat hulle hulle innerlike Musiek sal help ontdek!

DIE WEEK WAT VOORLÊ

Saterdag, 6 Maart:
Katolieke Skole-Raad – AJV by Iona Klooster
Mini-Krieket by Cornwall Hill 07:00 – 09:00
Dinsdag, 9 Maart:
Inter-Primêre Skole Gala by Hillcrest – A-Span
Donderdag, 11 Maart:
Inter-Primêre Skole Gala by Hillcrest – B-Span
Vrydag, 12 Maart:
Graad 7 Mis
Graad 7 besoek aan St Alban's Kollege

VIR U GERIEF:

Herwinningskompetisie nuus en informasie beskikbaar weekliks op: www.saschools.co.za/st paulus
Herwinningskomitee